PROJEKPLAN

CMR VOORSKOOLSE OORDE -GLORIA DEO EN ILINGE

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2.6

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKLEIER	PROJEKVOORSTELLER
NAAM	Ring van Algoa	Ds MH Langenhoven
POSADRES	Piet Retieflaan 18, Sidwell, 6061	Posbus 11032, Algoapark
E-POS	dsjazz@freemail.absa.co.za	ngkalgoapark@absamail.co.za
FAKSNOMMER	(041) 4534939	(041) 4523384
TEL. WERK	(041) 4534939	(041) 4523035
TEL. HUIS	(041) 4534939	(041) 4523384
SEL.	0845046483	0829631122

MHLangenhoven	10:9:2008
(Handtekening van projekvoorsteller)	(Datum)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die twee ongesubsidieerde versorgingsoorde (Ilinge Creche en Gloria Deo Day Care Centre) vir voorskoolse kinders word reeds die afgelope 12 jaar in samewerking met die VGK gemeentes in New Brighton en Seyisi bedryf.
Elke versorgingsoord het sy eie Bestuur, saamgestel uit verteenwoordigers van die VGK, CMR personeel en verteenwoordigers van die ouers.
CMR is verantwoordelik vir die oorhoofse administrasie. 'n Aparte "creche" rekening word gehou en finansiële state word aan die Bestuur voorgelê. Twee CMR maatskaplike werkers sowel as 'n programbestuurder en vrywilligers vanuit die onderskeie gemeentes is betrokke by die projek om effektiewe funksionering te verseker

Die projek het ten doel om kwesbare kinders in die gebiede van Seyisi en New Brighton te beskerm, voorskoolse kinders toe te rus met vaardighede ten einde hulle te beveilig, skoolgereedheid te bevorder en hulle sodoende toe te rus om uit die armoede – siklus te breek. Die meerderheid van die kinders se moeders is baie jonk en ongetroud en afhanklik van die kindersorgtoelaag wat R200 per maand per kind beloop. Die ouers dra tussen R40 – R50 pm. by.
Die versorgingsoorde funksioneer daagliks (Maandag tot Vrydag) van 7:30 – 16:00, uitsluitend skoolvakansies.
Elke versorgingsoord beskik oor drie personeellede, twee kinderversorgers en 'n kok/skoonmaker. Personeel verdien tussen R600 en R700 per maand elk. Kinderversorgers is bemagtig deur middel van opleiding by "Early Childhood Education", wat hulle uiteindelik in staat stel om 'n beter diens aan die kinders te lewer en ook om hulle gereed te maak vir die ope arbeidsmark en 'n uitbreek uit die siklus van armoede. Personeel word ook betrek by opleiding in die identifisering van kindermolestering en die aanbied van programme om kindermolestering te voorkom.
Die daaglikse program is soos volg: Ontvangs / Teenwoordigheidsregister Ontbyt Toilet Georganiseerde spel / stories / liedjies Vry spel Toilet Middagete Rustyd Vry spel
Ouers word betrek deur middel van kwartaallikse vergaderings, die beplanning van uitstappies, jaarlikse "gradeplegtigheid", Kersfunksies (as fondse beskikbaar is). Fondsinsamelingspogings lewer die minimum op, aangesien die ouergemeenskap self deur armoede geknel word. CMR personeel wend voortdurend pogings aan om die projek te bemark by verskeie instansies ten einde donasies te bekom.
Die projek dien ook as hulpbron vir die maatskaplike werkers in die sin dat risiko kinders by die versorgingsoorde opgeneem word ten einde hulle te beskerm en te beveilig.
Die versorgingsoorde word op Christelike beginsels bedryf en die kinders word op 'n vroeë leeftyd blootgestel aan die Evangelie.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Die twee geregistreerde versorgingsoorde se voortbestaan hang af van finasiele ondersteuning van ander instansies, aangesien die verbruikers van die diens en die gemeenskappe waarin hulle geleë is, self gebuk gaan onder armoede.
80 Minderbevoorregte voorskoolse kinders sal twee maaltye per dag ontvang en die nodige stimulering ontvang wat hulle skoolgereedheid en kanse op vordering op skool sal bevorder

Nagenoeg 80 ouers word ondersteun om hulle ouerskap op verantwoordelike wyse uit te leef
6 Persone word in staat gestel om 'n inkomste te genereer
6 vroue word bemagtig om kinders te beskerm

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Daaglikse funksionering van Ilinge Creche en Gloria Deo Day Care Centre	Maandag –Vrydag Junie en Desember skoolvakansies uitgesonder
Weeklikse skakeling tussen creches en CMR maatskaplike werkers	Deurlopend 1x per week
Maandelikse aankope van kruideniersware	Maandeliks 1X10
Invordering van en inbetaling van creche geld by CMR	Maandeliks 1x10
Boekhouding en voorbereiding van finansiële state	Deurlopend – maandeliks
Tweemaandelikse Projekbestuursvergaderings	6x per jaar
Kwartaalikse ouervergaderings	4x per jaar
Kwartaalikse personeelvergaderings	4x per jaar
Spesiale programme vir kinders met die oog op voorkoming van kindermolestering, VIGS voorkoming en selfbeeldbou.	Deurlopend
Spesiale programme vir ouers met die oog op bevordering van ouerskapvaardighede	Kwartaalliks
Uitstappies met kinders	2x per jaar
Bemagtiging van Besture ten opsigte van effektiewe projekbestuur	Deurlopend

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR
Ilinge Creche	
Mnr. Matsabitsa (Voors)	VGK New Brighton
Mev. Regina Mngadi	VGK Vroueverenigng
Mev. Patricia Vubela	Maatskaplike Hulpwerker
Mev. Delicia Wratten	CMR Maatskaplike werker
Mev. Jeanne Scherrer	CMR _ Adjunk Direkteur
	Creche ouers

Gloria Deo: Ds. B. Mbenenge (Voors.) Mev. Mbenenge Mnr. Eric None Mev. N. Mnuguni Mev. JL Scherrer	VGK Seyisi VGK Vroue vereniging – Seyisi VGK Seyisi CMR Maatkaplike werker CMR Adjunk Direkteur Creche ouers
Mev. Rita Erasmus	CMR Boekhouer

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Tafeltjies en stoeltjies	70
Matrassies en kombersies	80
Stowe	2
Yskas	1
Vrieskas	1
Staalkaste	2
Houtkaste	2
Bakkies en bekers en lepels	
Kastrolle	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Boekhouding	Deurlopend
Tikwerk / afrolwerk van vorms, briewe, notule, aansoeke om befondsing	Deurlopend
Aankope en Vervoer van kruideniersware	Maandeliks
Creche besoeke - weekliks - vervoer	Weekliks

6.4 ANDER:

Weeklikse besoeke aan die versorgingsoorde
Tweemaandelikse bywoning van bestuursvergaderings
Kwartaallikse bywoning van ouer – en personeelvergaderings
Maandelikse aankope van kruideniersware
Vervoer van kruideniersware na versorgingsoorde
Invordering van creche geld - 1x per maand
Instandhouding van geboue en terein

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
Kruideniersware en groente 80 kinders @R4,00 x22 dae x 10 maande	70 400
2 Personeellede @ R800 elk + bonus 4 Personeellede @ R700 elk + bonus	57 200
Opleiding	2 500
Elektrisiteit / Gas	4 000
Opvoedkundige uitstappies	6 000
Opvoedkundige material	3 500
Administratiewe bydrae vir telefoon, boekhou en petroluitgawes	6 000
Skryfbehoeftes	500
Kapitale uitgawes – Yskas. Vervanging van breekware, tafeldoekies, handdoeke, tweeplaat gasstoof, gassilinders, vrieskas	8 000
Instandhouding	6 000
TOTAAL	R158 100

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
Geen	

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Ring van Algoa

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Hierdie is 'n wonderlike geleentheid vir die Ring van Algoa om betrokke te bly by twee projekte wat vir die afgelope 12 jaar suksesvol bedryf word.

Dit bied 'n geleentheid om weerlose kinders te beskerm, ouers te begelei in hul ouer rol, vroue te bemagtig en op die langtermyn armoede te verlig

Danksy finansiële en praktiese ondersteuning van gemeentes, sal hierdie projek kan voortbestaan.